



DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

KERK EN WÊRELD

Hoe kyk jy na jou omgewing? Jy is lidmaat van die kerk, maar hoe groot is vir ons die verskil tussen kerk en wêreld? Hoe groot wil ons hê dat die verskil is? So klein of so groot as moontlik? Sien jy wel regtig 'n verskil tussen kerk en wêreld? Is die enigste verskil tussen jou en die wêreld dat jy anders as hulle glo en verder is dit maar soort van dieselfde?

Dink ons wel daaraan dat die HERE self 'n teenstelling tussen kerk en wêreld gemaak het? Wanneer Adam en Eva gesondig het, sê die HERE: "Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, tussen jou saad en haar saad". Waar is die grens tussen die twee wêreldes? Die HERE praat hier van vyandskap.

Wat beteken dit vir ons? Dat ons ook as jeug moet leer om dit wat teen God se wil ingaan te haat. Dis nie net dat jy nie van seker dinge hou nie maar dat jy 'n afsku daarvan kry. Die teenstelling tussen kerk en wêreld leer ons sien as ons al hoe meer 'n vyand van die sonde begin word.

Maar is dit nie baie negatief nie? Wat het geword van God se liefde? Die liefde van God sorg juis vir hierdie teenstelling en vyandskap. Ons sien dit baie duidelik in die lewe van die Here Jesus. Juis omdat Hy alles uit liefde vir God se wil en ons **mense** doen word Hy gehaat. Juis daarom spyker **mense** Hom aan die kruis. As ons die Here Jesus in liefde wil volg moet ons weet dat die wêreld nie baie mal oor ons sal wees nie. Die Here Jesus sê: "As die wêreld

julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het. As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle. Onthou die woord wat Ek vir julle gesê het: 'n dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg het, sal hulle jul ook vervolg. As hulle my woord bewaar het, sal hulle jul woord ook bewaar."

Christus liefhê en volg beteken dus dat jy teenoor die wêreld staan. Nou is dit maklik om te sê dat jy niks met die wêreld te doen wil hê nie want hulle staan tog vyandig teenoor ons. Maar God se liefde is so groot en wonderlik dat dit die kerk roep om Christus in die wêreld te verkondig om mense uit die wêreld te trek. Dan leer Christus se liefde ons om selfs ons vyande liefde te hê. Hoekom? Omdat ons God se liefde vir ons ken terwyl onself ook nie beter as God se vyande is nie! Ons is in die kerk om ook mense van die wêreld vir Christus en so vir die kerk te wen!

Ek hoop dat hierdie "Olieelamp" julle almal sal opbou en aanmoedig tot 'groter' dinge!

Aan al die matrieks : STERKTE! En al die ander van ons : hou moed, die helfte van die jaar is al verby en die vakansie kom nader!

Groete namens die Maranata-redaksie
Cora

INHOUD

Uit die Woord

Die Agtste Gebod 2
Gewoontes 3

Oppad

Vrede 4
Afrikaners en ons gemeente 5
Wie twyfel oor die krag van die gebed? (vervolg) 6

Voel jy ook so?

Evangelisasie: Seker nie die Jeug se probleem nie? 7
Jy moet jou naaste liefhê soos jouself 8

Sosiaal

Van meubelmaker tot konservator en restoureerder...12

Resensies

A walk to remember 14
Resensie: Lewens Belangrike Vrae 14

DIE AGTSTE GEBOD

Leonie Schoeman

"Jy mag nie steel nie." - Exodus 20:15

Op die oog af lyk dit of hierdie gebod baie eenvoudig is: jy moenie steel nie. Ons weet tog almal dat ons niks mag vat wat nie aan ons behoort nie? Maar ons moet veel dieper gaan kyk na wat die begrip "steel" eintlik inhou. Dit het definitief nie net betrekking tot materialistiese dinge nie.

Om iemand se vertrouwe in jou op te wek en dan die persoon se vertrouwe te skend, is ook diefstal (Jes. 33:1). Jy ontnem die ander persoon van sy vrymoedigheid om ooit weer iemand met 'n geruste hart te vertrou. En dan kan jy ook nie verwag dat iemand jou weer sal

vertrou nie, want dit kom jou nie toe nie. Net so ook mag jy nie iemand bedrieg nie, maak nie saak hoe gering dit ook al is nie (1 Thess. 4:6). Daar is verskeie plekke in die Bybel waar die mense gemaan word om eerlik te wees met die koop en verkoop van goedere, bv. die weegskale of die klippe wat in die weegproses gebruik word, moet dieselfde grote hê (Spr. 11:1 en 16:11; Eség. 45:10 en Deut. 25:13).

Die owerhede word ook aangespreek oor die invordering van belasting en hoe dit gedoen moet word (Eség. 45:9). Daar moet verskillende belastingstariese vasgestel word en dit moet dan van die volk ingesamel word volgens hulle vermoë om te betaal. Jy kan tog nie van 'n arm persoon verwag dat hy 'n verskriklike hoë belastingtarief moet betaal nie. Die invordering hiervan moet ook op 'n vreedsame en beskaafde wyse plaasvind. Maar hierin is ook 'n waarskuwing vir die mense om eerlik te wees as dit kom by die betaling van belasting. Regoor die wêreld is belastingontduiking 'n baie groot probleem en ly menige regerings swaar verliese as gevolg hiervan. Die uiteinde is dan gewoonlik dat daar meer belasting geëis word, en so gaan die siklus dan aan.

In Psalm 15:5 staan daar geskryf dat hy wat nie sy geld gee op woeker en geen omkoopgeskenk aanneem teen die onskuldige nie, nie sal wankel in ewigheid nie. Ek dink dit is veilig om aan te neem dat weddenskappe ook maar net 'n vermomde vorm van steel is, so ook om iemand te probeer omkoop, of om omkoopgeskenke te aanvaar. In al ons onderhandelinge met ons medemense, moet ons ten alle tye integriteit openbaar, asook 'n eerlike lewensfilosofie. Daar is so baie slaggate om in te trap en onself skuldig te maak aan diefstal sonder dat ons dit besef. Ons het geen ander keuse as om op God te vertrou vir leiding nie.

In die Bybel is daar ook baie waarskuwings vir ons om nie om te gaan met skelms en

Redaksies:

Pretoria:

Redaktrise: Tanya de Vente –
tanyadevente@freemail.absa.co.za

Sekretaresse: Carina Bijker

Lede: Wilma Lubbinge

Chris Stolper

Arjan van Houwelingen

Maranata:

Redaktrise: Cora Visser - jrvisser@global.co.za

Penningmeester: Daniël van der Meulen

Sekretaresse: Marie-Louise van den Bout

Lede: Cornelia Kerkhoff

Frans Hagg

Johan de Vente

Kaapstad:

Redaktrise: Carina van Alten - carinavalten@mweb.co.za

Artikelversorging: Corrien Geleynse

Jaco Haak

Sekretaresse: Clara van der Vinne

Finansies: Albert Drijfhout

Kontakpersone:

Johannesburg: Marietjie Bijker

Bethal: Eugene du Preez

Springs: Thersa Heuning

Brakpan-Suid: Marcel Brown

Administrasie & uitleg:

Willemien Kleijn - willy_k@freemail.absa.co.za

Gerhard Bijker - gerh@rd.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:

<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Koste: R45.00 per jaar

gierigaards nie. Al is jy net bevriend met iemand wat steel, is daar die versoeking om self ook betrokke te raak. Dit sal beter wees vir jou om glad nie met die tipe mense om te gaan nie. Lees gerus Spreuke 23:19-23 asook 1 Korinthiërs 5, 6:10. Ons moet ook tevrede wees met die betaling wat ons vir ons arbeid ontvang, ons moet nie probeer om meer geld te kry deur bv. afpersing nie (Luk 3:14). Ons moet die geld wat ons ontvang oordeelkundig gebruik om in ons behoeftes te voorsien (Spr. 21:20). Dit is ons Christelike plig om ander mense te help wat in nood is. As ons 'n bietjie ekstra geld of kos het, moet ons iemand daarmee help. Ons moet vir ander gee omdat alles wat ons het eintlik aan God behoort en Hy van ons verwag om ons naaste te help. Ons moet dit doen sonder om vergoeding terug te verwag (Luk. 6:35).



aan ons behoort nie, of ons vertrou moet skend nie, of ons moet bedrieg nie, so ons moet ook toesien dat ons niks van bogenoemde aan ander mense moet doen nie. God het in sy Woord 'n opdrag aan mense wat hulle skuldig maak aan die oortreding van die agtste gebod. In Efésiërs 4:28 beveel Hy "Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liever arbeid deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die wat gebrek het."

God het vir ons baie gawes gegee. Hy het ons egter ook verantwoordelikhede gegee. Ons het die opdrag ontvang om die aarde te bewerk en te bestuur. Dit is ons rentmeesterskap en ons moet dit op 'n verantwoordelike wyse aanpak. Dit kan ons doen deur God se gebooi te gehoorsaam en Hom te ken in alles wat ons doen. Dan sal ons nooit die pad van die regverdige byster raak nie.

Verwysing

Sondag 42, Vrae & Antwoorde 110 & 111 van die Heidelbergse Kategismus

Daar is ook vir ons duidelike opdragte, soos dat ons aan ander moet doen soos ons wil hê ander moet aan ons doen (Matt. 7:12). Ons sal nie daarvan hou as iemand anders iets steel wat

GEWOONTES

"Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie."
Rom. 12:21.

Baie mense besef nie hoe ons lewens deur gewoontes geraak word nie. Kom ons sê eers wat is 'n gewoonte? Gewoontes is persoonlike optrede wat so dikwels herhaal word dat dit volledig deel word van jou lewe. Jou gewoontes bepaal hoe goed jy voel en hoe gezond jy leef, want ons almal het eet-, slaap-, oefen-, lees- en werkgewoontes. Hierdie gewoontes kan goed of sleg wees, maar ons weet dat dit ons hele lewe raak en beïnvloed.

GEESTELIKE GEWOONTES

By die kind van God tref ons natuurlik ook nog geestelike gewoontes aan. Dit wat ons rondom ons geestelike lewe oor en oor doen wat dan volledig deel van ons lewe word. Die Romeine brief help ons om hierna te kyk, want in die eerste elf hoofstukke wil Paulus ons herinner

aan WAT ons glo (geloof) en van hoofstuk 12 tot aan die einde word ons herinner aan HOE ons moet leef (gehoorsaamheid). Dit is 'n goeie geestelike gewoonte om seker te maak wat jy glo en so versterk te word in jou geestelike lewe, anders kan dit gebeur dat die geringste boek of artikel wat jy lees en jou geloof uitdaag, jou kan laat twyfel. Ons as gemeente gaan in hierdie jaar op God fokus deur onder andere die Woord getrou te lees en Romeine word allerweë beskou as die heerlikste en grootse brief nog. Geen wonder dat groot teoloë soos Calvyn, Luther en Barth almal begin het om kommentare oor Romeine te skryf nie. Romeine en sy tweeling brief Galasiërs, skryf Luther, is soos 'n pot vol taai vleis. Hoe langer jy kook, hoe heerliker en sagter word die vleis. Op die ou einde kan jy nie ophou eet nie. Hoe meer 'n mens daarvoor gaan nalees, hoe meer sal dit help met die sagkook proses. Op die manier kry 'n mens gou 'n idee hoe Romeine inmeekaarsit.

GEESTELIKE LEEFGEWOONTES

In Rom. 12:9-21 kan ons 'n klomp geestelike gewoontes sien wat onherroeplik deel van ons lewe behoort te wees. Dit moet so oor en oor beoefen word dat dit deel is van ons lewe sonder om daaraan te dink. Verse 1-16 gaan oor die verhouding met die medegelowige, met ander woorde na binne gerig en Romeine 12:17-21 gaan oor die verhouding met die buitestaander, veral die een wat hom kwaad aandoen.

Paulus praat hier van gewoontes wat so eie moet wees aan die gemeente ten opsigte van medegelowiges, die sogenaamde mekaartekste. Hier word nie minder as 18 gewoontes genoem nie. **Liefde wat opreg is, verafsku wat sleg is, broederliefde, eerbied teenoor mekaar, geesdriftig, gebed, gasvryheid. Hierdie oordie-voete-val van Paulus om alles opgenoem te kry, is die bevestiging daarvan dat elke stukkie van die mens se lewe deur sy Christenskap geraak word.**

Romeine 12:17-21 praat van om nie kwaad met kwaad te vergeld nie, om goedgesind te wees teenoor alle mense, om in vrede met almal te leef, om nie wraak te neem nie en vir die

hongerdes en dorstigdes te voorsien. Mense buite die gemeente moet jou geestelike gewoontes besonderlik ervaar. Dan word vers 21 waar. Ons is oorwinnaars, oorwinning is hier die sleutelwoord omdat die gelowige dit nooit kan aanvaar dat die kwaad oorwin nie, maar dat die kwaad deur die goeie oorwin word en ons kan deur Jesus Christus ons Here wat ons vreeslik liefhet (Rom. 8:37).

Ons moet dus gefokus bly op God deur geestelike gewoontes, gewoontes wat so deel van ons lewe geword het, dat ons nie twee keer hoef te dink nie. Miskien is dit nodig dat elkeen van ons by die huis sal gaan nadink oor ons lewe. Watter gewoontes rondom ons godsdiens leeg en sonder betekenis is. Dalk is dit daardie vinnige Bybel lees en oppervlakkige geykte gebed wat om hersiening vra. Dalk is my lewe teenoor buitestaanders verdag en is ek nog besig met kwaad vir kwaad vergelding. Dalk is ons verhoudingslewe nie 'n voorbeeld van mense wat mekaar kan vergewe en met eerbied behandel nie. Die Here praat met elkeen van ons en Hy weet dat dit moontlik is om slegte gewoontes af te leer en goeies aan te leer.

Oppad

VREDE

Johan de Vente

"Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op aarde te bring nie", sê die Here Jesus in Matteus 10:34. In Lukas 2 hoor ons die engele sing : "Vrede op aarde" en in Johannes 14 sê Jesus vir sy dissipels: "Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle". Hoe kan ons dit bymekaar bring?

Die woord vrede het verskillende betekenisse. Ons kan byvoorbeeld dink aan 'n tyd wanneer daar geen oorlog is nie of wanneer daar vrede in die mens se hart is, waarby daar dus geen innerlike stryd is nie. By bostaande tekste moet ons goed onthou om dit binne sy verband te lees. By die woord vrede is dit heel duidelik dat daar geen teenstrydige bedoelings of uitsprake in die Bybel voor kom nie. Die verskillende betekenisse van die woord hou wel verskillende gevoelswaardes vir ons in. Ons hoor die woord vrede, praat ook dikwels daarvan maar dink dan rustig aan iets anders. Die gevaar bedreig ons by die woord vrede veral in die dae rondom en

tydens Kersfees. In die sing van liedere kom dit dan baie voor en ook in prediking maar dan slaan ons ag op God se groot geskenk. Hier gaan dit immers om die vrede met God.

Hoekom vergeet ons dan so maklik die betekenis en inhoud van vrede?

Die meeste van ons het in 'n gereformeerde gesin op gegroei. Van jongsaf mog ons hoor dat ons 'n kind van God is. Die doop is immers 'n teken en seël en van die verbond. 'n Verbond hou vrede vir byde partye in. Dit is 'n groot rykdom wat ons as kinders van God het. Die mens wat immers in weelde opgroei, besef sy eie rykdom nie meer en begin gewoond raak



daaraan. So kan dit met ons ook gaan dat ons nie meer die rykdom van die verbond nie meer raak sien nie. Dan dring die gevoelswaarde van die woord "vrede" nie meer tot ons deur nie. Indien ons in so 'n geval sal ons onself moet verdiep in die gebed.

Ons is immers bevry. God het aan die mens sy vrede verkondig. Direk na die sondeval het Hy begin om 'n ewige weg vir ons te baan. Die nuwe vrederyk waarin God na die mens as sy skepsel omsien het deur die dood van Jesus Christus 'n feit geword vir almal wat glo. Vrypraak van skuld is moontlik in 'n lewe met God. So word die woord "vrede" gevul. Dan verstaan ons ook waarom by die geboorte van Jesus 'n engele koor gejubel het oor die hele aarde: "Vrede op aarde in wie die mens 'n welbehag het." Ons ken die weg van die Here tot verlossing so goed. Ook tydens geestelike stryde in ons lewens moet ons net aan hou bid en ons bly verwonder oor die werk van God.

Die woorde vrede sal ons goed kan verstaan as ons weet wat oorlogstoestand in hou. Daarvan spreek Jesus ook in sy laaste gesprekke met sy

dissipels. Daar sê Hy: "Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wereld gee, gee ek aan julle nie". Hier waarsku Jesus ons wel om die woord "vrede" nie verkeerd te verstaan nie. Die ontroue en valse kerk omskryf die wereldse vredesbegrip met Bybelse woorde. Dit is egter misleidend. Dit wys ons hoe arm die boodskap van vrede vir hulle wat nie verband weet tussen vrede op aarde en die eer van God is. Die wereld en valse godsdienste verstaan egter nie dat die mens alleen vrede kan ontvang as hy ook sy Skepper eer nie. Dit is juis wat ons bly maak. Dan kan ons van onself afsien. Dan leer ons om vir die Here te vra: "*Neem my lewe, laat dit Heer toegewy wees tot U eer*".

Die Here laat Hom so weer eer deur die mens wat sy sonde ook telkens erken en berou daarvoor het. Dan laat Hy dit ook weer afwas deur die bloed van die Lam. Daarom mag en moet ons Hom elke dag weer dank vir sy vrede en genade waarmee Hy ons elke sekond van ons lewe omring ook as ons moeities, verdriet moet ervaar.

AFRIKANERS EN ONS GEMEENTE

Marti van Renssen

Onlangs het 'n vriend van my, wat hier met vakansie was en in Korea woon, vir my gesê dat die Oosterlinge dink dat ons Westerlinge geen kultuur het nie en dat hulle dit byvoorbeeld as minderwaardig sien om met 'n Westerling te trou. Hulle het natuurlik 'n kultuur wat vele eeue oud is. Hy was positief beïndruk met sy waarneming van ons as Suid-Afrikaners en moes erken dat sy persepsie verkeerd was. So leef almal maar met vooropgestelde idees. Die duiwel hou van sulke sensitiewe punte en maak ook mildelik gebruik daarvan net waar hy die geleentheid kry. Dit lyk soos 'n gunsteling manier van die duiwel om onderlinge wantroue en verdeeldheid te skep.

Die vraag is hoe dit vir 'n nuwe inkomeling voel om deel te wees van ons gemeentes. Soos die Koreaanse vriend loop ons ook moontlik met interessante persepsies van mekaar rond. Nuwe inkomelinge is meestal Afrikaners met geen Nederlandse wortels in die eerste graad nie. Daar is 'n hele aantal van ons tradisionele gemeentelede wat in die eerste graad en anders ten minste in die tweede graad

Nederlandse wortels het. Eerste graad beteken ouers- en tweede graad beteken grootouers was of is Nederlanders.

Die opskrif mag op sigself 'n "ons en hulle" prentjie tuis-bring. Dit is nie die bedoeling nie, maar dit is wel duidelik dat die onderskeid 'n aktuele punt is in ons gemeentes.

Vir doeleindes van hierdie artikels gaan ons ander name toeken vir die onderskeie partye. Diegene wat nie Nederlandse wortels het in eerste of tweede graad noem ons **Oud-Suid-Westerling (Afgkort OSW's)**. Die ander gemeentelede noem ons **Suid-Westerlinge (afgekort SW's)**. In hierdie uitgawe wil ons eers net 'n fondament vasstel en dan in die volgende uitgawe van Olieelamp wil ons spesifieke terugvoer gee op grond van insette deur vrywillige OSW's.

Voor ons verder gaan moet ons in ag neem dat hierdie artikel nie aangebied word in isolasie van ons totale afhanklikheid van ons Hemelse Vader se genade nie. Die mens kan planne

maak soveel hy wil, maar al sy planne is nutteloos sonder die seën van die Here.

Eers kan ons kyk na hoe ons met mekaar omgaan, ongeag wie ons is of wat ons afkoms is. Besef ons dat die tyd wat ons effektief as gemeente voor en na kerk bymekaar spandeer is ongeveer 15 minute per persoon? Dit bring ons by die vraag of ons nog luister met empatie na ons broers en susters in die gemeente of selfs na mense in ons alledaagse omgewing. Wat is ons algemene luister gewoontes en vermoëns?

Al gehoor van die term “diskoers”? Alle mense het bepaalde fundamente op grond waarvan hulle besluite neem en na bepaalde gebeure kyk. Hierdie fundamente word grotendeels bepaal deur lewenservaringe van die verlede. ‘n Diskoers is nie noodwendig negatief nie. Die “dis” gedeelte van die woord het meer te doen met “anders”. Alle mense is uniek in samestelling, karakter en ervaringe.

Al gehoor van eksternalisering? Moet wees, want ons het al almal gehoor van filosofe wat die sonde van die mens wil skei en dan verkeerdelik sê dat die mens nie sleg is nie, maar dat alleen die dade van mens sleg is. Dit is ‘n vorm van eksternalisering. Eksternalisering kan positief gebruik word deur die probleem van die persoon te skei. Almal het maar probleme. Die ander manier van sê is “elke huis het sy kruis”.

Eksternalisering is miskien makliker verstaanbaar deur ‘n praktiese toepassing. Ma sal sê: “Die huis is altyd ‘n gemors”. Pa sal sê: “Dis nie waar nie, die huis is soms ook netjies”. Dit kan sinvol wees vir Pa en Ma om in te sien dat Ma moeg is en ‘n drukkies nodig het. Ook dat Ma ‘n omgekrapte omgewing negatief ervaar en dat dit dinge vererger. Ons kan die probleem

aanspreek deur Ma se verhouding met moegheid te noem. Nou is dit nie meer Ma wat ‘n klakous is nie, maar moegheid maak dat Ma meer liefde en omgee nodig het en dit sal help om die huis skoon te hou of te help om die huis skoon te maak om die moegheid makliker hanteerbaar te maak.

Nou het ons moegheid van Ma afgesonder en kan ons praat oor die probleem sonder dat Ma defensief optree.

Noudat ons weet van die begrippe wat hierbo genoem is, is daar nog een ding wat kan help in hoe ons met mekaar omgaan. Dit is dat ons moet weet wie ons self is en hoe mense ons sien en wat die effek is van ons handeling en/of versuime. Om ons gedagtes aan die gang te kry gaan ons net ‘n aantal stellings maak. Miskien is daar lesers wat graag wil reageer op van die stellings.

Die smalle pad in vandag se tyd beteken onder meer:

- Bly weg van wat sleg is.
- Maak baie geld deur harde en eerlike arbeid.
- Geld kan ook sleg wees.
- Vind jou droom lewensmaat.
- Die teenoorgestelde geslag kan ook sleg wees.
- Weet dat jy is wie jou vriende is.
- Bid voortdurend en eerlik.
- Vra dat die Here jou gewillig sal maak in sy diens.
- Bestudeer die Bybel omdat jy wil.

Lees asseblief ter afsluiting nog 1 Petrus 1:24 en 25.

Tot volgende keer wanneer ons gaan kyk na terugvoer van nuwe inkomelinge (OSW's).

WIE TWYFEL OOR DIE KRAG VAN DIE GEBED? (VERVOLG)

Tanya de Vente

In die artikel “*wie twyfel oor die krag van die gebed*” in Ollielamp Mei/Junie 2002 is daar gewys op die begin van Augustinus se lewe en sy verval in Manicheïsme. Hier is die vervolg.

Augustinus was nou twintig jaar oud, ‘n gewilde Professor in welsprekendheid te Carthago. Augustinus was ‘n ywerige beoefenaar van astrologie (sterrekunde). Hy

het vas geglo die mens se lewenslot word bepaal deur die sterre. Sy vriend, Firminus, het hom egter gewys op die ydelheid en onsinnigheid van astrologie deur ‘n paar gevallestudies aan hom voor te hou. Augustinus het afgesien van Astrologie, maar nou het hy begin twyfel oor die nie-kontroleerbare feite van Manicheïsme.

Augustinus kom weer in die stryd tussen geloof op gesag en die aanneem van dit wat nie bewys kan word nie.

Vereis Manicheïsme dan ook geloof op gesag? Hy is immers anders belooft! Augustinus was 'n denker en soek bewyse. **Hy begin twyfel in Manicheïsme.** Hy breek egter nog nie met Manicheïsme nie, want waarby sou hy hom dan aansluit? Op die einde bevredig Carthago hom nie meer nie. So ook die Manicheïsme. Hy wou nie 'n martelaar word vir iets waarin hy nie meer glo nie. Keiser Theodosius het 'n edik teen alle Manicheïste uitgevaardig en 'n spesiale inkwisisie is opgeroep om Augustinus te vang. Hy wil Rome toe gaan want hy voel dat hy daar veiliger sal kan lewe. In Rome ken minder mense sy geskiedenis.

Sy ma kom in opstand teen hom. Sy sien Rome as die stad van sonde -Babilon. Sy is oortuig daarvan dat Augustinus in Rome sedelik sal ondergaan. Augustinus bly egter by sy besluit om te gaan. Monica gaan saam met hom na die skip en weier om sonder hom terug te gaan. Augustinus oortuig haar om die nag oor te slaap in die omgewing van die skip. Maar in die nag vertrek hy skelm. Monica bly agter...in gebed en trane. Sy het terug huis toe gegaan en **steeds bly bid.** Monica het nog steeds aanhoudend vir haar seun gebed.

Rome was 'n **bitter teleurstelling.** Net na sy aankoms in Rome word hy dodelik siek en hy glo vas dat hy nie weer gesond sal word nie. Hy is egter baie goed versorg en het gesond geword. Dit was iets ongeloofliks vir hom en hy het besef dat sy ma se gebede 'n baie belangrike rol in sy herstel gespeel het.

Die koue weer was ondraaglik vir Augustinus. Hy was spyt dat hy Carthago vir Rome verruil het. Hy kry egter nuwe studente en begin weer klasgee. Maar Augustinus ontmoet mense wat hom verder laat twyfel in Manicheïsme. Tog onttrek hy hom nog steeds nie, want dalk kan hulle nog handig te pas kom. En dit het ook...

Augustinus ontvang 'n uitnodiging om klas te gee in Milaan. Dit sou hom verseker van 'n vaste werk en vaste inkome. Iets wat hy nie in Rome gekry het nie.

In die jaar 384 vertrek Augustinus dus na Milaan, die keiserlike stad. Monica besluit toe om Afrika te verlaat om by haar seun in Milaan te gaan bly. Toe sy daar aankom vind sy die vrou by wie Augustinus gewoon het en hul seun saam met Augustinus. Sy, Lepida, het van 'n baie arm familie gekom en toe Augustinus sê dat hy daaraan dink om met haar te trou het sy ma hom afgeraai. Sy het Lepida oortuig dat sy nie by hulle (haar en Augustinus) se omgewing in pas nie. Lepida het saamgestem en terug gegaan na Afrika. Sy was regtig baie lief vir Augustinus, sy het nooit met iemand anders getrou nie.



Monica het natuurlik vanaf die eerste dag die kerk besoek en na biskop Ambrosius geluister. Augustinus het haar gevra wat sy van Ambrosius dink. Monica het baie van Ambrosius se prediking gehou en haar seun gevra om saam te kom. Uiteindelik het sy hom oortuig om saam te gaan. Dê een keer, het vele kere geword. Monica het gebed dat God die prediking sal seën wat Augustinus in die kerk mog aanhoor. Die gebede was nie dadelik verhoor nie, maar iets het verander in Augustinus. Hy het met aandag geluister na die prediking. Die innerlike vrede waarna hy gesmag het, het skielik vir hom bereikbaar gelyk. Sy ma se hoop het opgevlam.

Bronne

Geelhoed, J. 1952. Augustinus. Goes. Oosterbaan & Le Cointre n. v.

Sizoo, dr. A. 1957. Augustinus, leven en werken. Kampen J.H. Kok n. v.

Slings, G. 1988. Outlines in Church History. Australia. Pro Ecclesia Printers.

Shelly, B.L. 1982. Church history in plain language. Dallas-London-Sydney-Singapore. Word Publishing.

Voel jy ook so?

EVANGELISASIE: SEKER NIE DIE JEUG SE PROBLEEM NIE?

Meeste van julle (die jeug) wat dit lees sal hoogswaarskynlik seker so voel al bring dit 'n wansmaak mee. Oor die algemeen probeer ons maar die kwessie vermy. So lank ons 'n voorbeeld as Christen stel ens. , ens.

Ek het hieroor begin dink toe ons as jeug gevra is om die swart studente een aand na kerk te vermaak. By die tradisionele koffiedrink waarheen ons hulle uitgenooi het, het die tonge gou losgeraak en verskeie onderwerpe is aangeraak. Maar die een waaroor ons die meeste gepraat het was evangelisasie.

Wat doen ons jeug aan evangelisasie? vra Sam die uitgesproke een.

Wat bedoel jy? Sam verduidelik toe geesdriftig hoe hulle in ander kerke en sektes ontstaan en die Woord verkondig en dwaalleer bestry. Radikaal, sê julle. Ek weet nie?

In die Nuwe Testament het daar menigmaal gelowiges, apostels en natuurlik Jesus self dwaalleer bestry en in sinagoges die Woord verkondig.

Ons kon gelukkig die vraag vermy. Ons het nie baie uiteenlopende kerke en/of sektes in ons omgewing nie. Alles redelik naby aan mekaar. Wat ook nie baie waar is nie. Dink aan Vocal Point en evangeliese kerke.

Wat van Belhar en Wesbank?

Daar is nou vir jou die probleem. Ons is basies glad nie betrokke daar nie. Maar aan die ander kant moet ons betrokke wees? Ons het al gegaan maar basies sit ons daar in die kerk en gaan dan maar weer huis toe en voel ons het ons kant gebring. In daardie opsig dink ek ook dit is nutteloos. Kan ons die kultuur gaping oorbrug? Ds. Breytenbach en ds. Nicholson is seker voldoende vir die groei van ons medebroers en susters se geloof daar. Ons ouers is ook maar op sy meeste een of twee keer in 'n jaar daar in Belhar op besoek!

Om die minste te sê het hierdie een vraag ons aan die praat gehad en ongerus gemaak. Dit is 'n teer puntjie. En tereg. Ek glo nie dat ons in ons daaglikse omgewing met vriende, kollegas,



mede studente en skoliere hier enigsins iets uitrig nie. Nie dat ons elkeen by die bors moet gryp en met hom oor God moet praat nie. Nee, ons sukkel al om ons tong in toom te hou, weg te bly van slegte invloede ens. Laat ons eers ons Christenskap uitleef en dan sal God die mosterdsaadjie van die geloof wat ons plant by ander laat groei. Kom ons wees nie te seker dat ons staande is nie, want dan is ons

waarskynlik besig om te struikel. Laat ons as jeug mekaar ook hierin help. Mekaar aanspreek, bemoedig en in die algemeen meer met mekaar begin praat oor ons geloof en ons probleme. Dit sal

veroorsaak dat ons sondebeseft verbeter en ons uit dankbaarheid gaan begin saamleef. Wat weereens sal oorspoel in ons daaglikse lewe. Laat ons ook hierin tot God bid dat Hy ons ook daarin sal help en ons sien.

Oor wat ons moet doen buiten ons daaglikse omgewing, is ek nog in die duister. Dat ons wel iets moet doen is verseker (veral in verband met Belhar/Wesbank). Enigiemand wat hierop wil reageer, spesifiek op wat ons aan evangelisasie buiten ons omgewing moet doen, is welkom. Ek wil net baie dankie sê vir ons swart broeders wat ons oë laat oopgaan het en ons nuwe insigte en perspektiewe gegee het! Ons kan definitief leer by hulle ywerige en vurige geloof.

JY MOET JOU NAASTE LIEFHÊ SOOS JOUSELF

Kan jy jou naaste so liefhê? Nee beslis nie! Uit onself is ons slegs in staat om God en ons naaste te haat! Tog het Jesus Christus ons beveel om ons naaste lief te hê! Loof die Here, want deur die krag van sy Gees stel Hy ons in staat om God lief te hê en ook liefde aan ons naaste te bewys.

Om jou naaste te kan liefhê moet jy eerstens God liefhê, tweedens jouself en derdens wat dan daaruit voortspruit is om jou naaste opreg lief te hê.

Daar bestaan 'n sterk verband tussen ons verhouding met ons naaste en God. As ons iets teen ons naaste doen raak ons outomaties God ook, ons kan nie ons naaste seermaak en

tegelykertyd God in die sentrum van ons lewe hê nie (1 Joh. 3:10). In ons huidige westerse kultuur wanneer jy die radio aanskakel, hoor jy direk een of ander liefdesliedjie. Is dit wat God bedoel met liefde? Liefde is dan 'n gevoel en hoe kan God ons beveel om ons naaste lief te hê? God praat hier nie oor liefde as 'n gevoel nie, dis 'n daad, Hy stel dit as 'n gebod dat ons moet liefhê. Liefde is nie dat jy eers moet wag tot die ander jou liefde gee nie. Nee, gee eerste vir die ander liefde, omdat God dit gebied!

Liefde het baie verskillende gesigte en ons hoef ook nie almal op dieselfde manier lief te hê nie. Jou liefde vir jou broer/suster is anders as jou liefde vir jou pa/ma. Om 'n goeie beeld te

kry oor hoe ons ons naaste moet liefhê kyk ons na 1 Kor. 13.

Vers 1-3: Paulus beskryf hoe belangrik die liefde in ons geloofslewe is.

Vers 4-7: Ons samelewing meng liefde en behoefte, maar die liefde waarvan God praat is na buite gerig en is nie lief om sy eie begeertes te bevredig nie. Het jy jou naaste/meisie/ou lief om jou eie gevoelens/belange te bevredig/bevorder?

Vers 8-10: Die liefde sal nooit ophou nie, ook nie as God terug kom nie, terwyl tongetaal ens. dan nie meer nodig is om die gemeente verder op te bou nie.

Vers 13 : Laat ons mekaar liefhê want dit is die belangrikste gawe wat God ons gee en sonder liefde ken ons nie vir God nie, want God is liefde!(1 Joh. 4:8).

In Filippense 1:9-10 bid Paulus dat die gemeente in liefde sal toeneem sodat hulle kan onderskei en hulle rein en vir niemand 'n aanstoot sal wees nie tot op die dag van Christus. Om rein te wees vir God beteken sonder sonde, dus beteken dit deur volmaakte liefde sal ons sonder sonde wees. Maar ons kan mos nie sonder sonde wees nie? Ons kan dit doen deur Christus wat die gelowiges nie net verlos nie, maar Hy vernuwe ook ons lewe.

Nou is die tweede vraag het jy jouself lief? Hoe kan jy iemand anders liefhê as jy nie eens weet hoe om jouself op die regte wyse te bemin nie? Ons word van jongs af geleer dat jy nie egoïsties moet wees nie en ander mense bo jouself moet stel, maar die Bybel sê dan duidelik dat ons onself moet liefhê! (Matt. 22:39) Hoeveel keer het jy al gedink was ek maar langer, korter, dikker, dunner ens. As jy jouself kan aanvaar soos jy is sal jy ook ander mense kan aanvaar soos hulle is. Waar trek mens dan die lyn tussen selfaanvaarding en selfsug? Selfaanvaarding beteken jy hou van jouself soos God jou as unieke mens geskape het en daardeur kan jy jou aandag toespits op 'n doel buite jouself. Wie homself nie liefhet nie is egoïsties omdat hy dan outomaties heeltyd met 'n selfbeeld probleem sit, met die gevolg dat die persoon heeltyd aan homself en sy eie probleme dink. 'n Groot troos is dat Christus ons aanvaar net soos ons is, as ons na Hom toe kom! (Joh. 6:37). Hoekom sal ons dan nie maar afsien van onself en ons oog op Hom gerig hou en lewe tot diensbaarheid aan Hom en die ander mense om ons nie?

Vanuit onself sal ons nooit die onmoontlike taak regkry om onself en mekaar lief te hê nie. Ons moet God daarvoor in ons gebede vra! Slegs God kan ons sover kry om mekaar werklik ten volle lief te hê, en Hy doen dit ook deur sy Heilige Gees. Deur die Heilige Gees sien ons weer liefde in die wêreld. Hy leer ons weer insien hoe lief God hierdie wêreld gehad het en daardeur wil ons ook graag liefde gee. Om mekaar so lief te hê vra selfverloëning: Ek mag nie kwaad met kwaad vergeld nie, dus moet ek wraak aan God oorlaat en ek moet selfs my ergste vyand liefhê. Het jy al gesien hoe die hardste persone verander deur liefde? So wil God ook weer die liefde van die paradys in die wêreld laat terugkeer, deurdat ons liefde uitstraal en 'n verskil maak (kan die wêreld sien jy is anders?)! As jy kwaad is vir iemand gaan maak dit reg! God vra dit van ons. Laat ons mekaar ten minste probeer liefhê soos wat God ons liefgehad het en lief het! Niemand het ooit groter liefde as dit gehad nie; God het sy eie Seun oorgegee as liefdesoffer tot redding vir elkeen wat in Hom glo!!! Vir die mense wat egter nie wil liefhê nie, geld hierdie woorde van Johannes: "Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood. Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie." (1 Joh. 3: 14, 15). Bid elke dag vir krag dat jy kan liefhê, en God sal vir jou die krag gee om selfs jou vyand lief te hê!

Hoeveel keer was jy al in jou hart baie kwaad vir iemand? Hoeveel keer 'n dag sê of dink jy slegte goed oor ander? Hoeveel keer soek jy net vir jouself die beste? Ons kan so aangaan met vrae want leer ons nie duidelik dat die geringste slegte gedagte wat teen ons naaste bedink word ten diepste haat is? Nie slegs haat teenoor die naaste nie, maar haat teenoor God wat die naaste geskape het en hom naas ons gestel het? Besef jy werklik hoe 'n vuil sondaar jy is? Is jy opreg jammer oor jou sonde, of dink jy dalk wat sal een sonde meer of minder 'n dag verskil maak? Besef jy dat God nie jou sondes vergewe as jy nie opreg spyt daarvoor is nie (Hand. 3: 17-20)? Gaan nou op jou knieë en vertel vir God die verkeerde en smee Hom om genade. Vra om sy vernuwende krag waardeur jy Hom, jouself en jou naaste werklik kan liefhê. Bid God elke dag en Hy sal vir jou dié liefde gee!!!



Deur die sleutelgat

Mense, ek weet nie van julle nie, maar ek het verláng! Die *Welkom*-matjie hier voor die deur waarvan ek deur die sleutelgat loer, is al deurgetrippel soos ek brand om julle te vertel wat gebeur het. Wag, straks verstaan julle my verkeerd - die aktiwiteit was nie veel nie, daarom dat ek teen hierdie tyd al opgewonde is dat daar darem iets is wat ek met julle kan deel.

In die laaste uitgawe is daar melding gemaak van die *Vossejag*. Dit was 'n dawerende sukses, as 'n mens so kan sê. Antoinette het almal goed aan die raai gehad toe sy opdaag met 'n gitswart pruik, en by Anna en kie is daar net so *solid* verby gekyk. Die rede? Wel, niemand ken hulle in sulke deftige pakkies nie. Verder het ek as oplettende toeskouer van deur my sleutelgat bemerk dat daar 'n paar ekstra geskoenpolitoerde boemelaars van ontstellende lengte deur die gange wals. Ek dink almal is dit eens dat dit 'n heuglike aandjie was.

Soos die meeste van ons seker weet, het Chris ons vir 'n paar weke lank verlaat om die nou valer weivelde van die trans-Vaal op te soek. Vir 'n kort kursus, nogal, wat hy, so hoor ek nou, besonder goed deurgekom het. Chris, jou *chicks* het jou gemis, ou!

Wel, so het die vakansie gekom en gegaan en ons is almal weer terug in die tuig. In die doodsnikke van genoemde tydvak het ons dit van algehele aksieloosheid gered deur die jaarlikse pannekoekaand by Dominee en tannie Emyn. Vir die eerste keer sedert menseheugenis het daar stapels pannekoek oorgebly, maar dit was seker te danke aan Albert en Anita se melkammer vol beslag!! Verder het Corrien dit op haar geneem om almal te leer pannekoek flip nadat sy dit weer by Elisabeth geleer het, maar laasgenoemde se aandag was deur 'n pakkie uit Gauteng sodanig afgelei dat mens met haar niks meer kon uitrig

nie... Ons wil graag as jeug vir Dominee en tannie Emyn verskriklik dankie sê vir die oopstel van hulle huis, en ook aan Carina wat die aand gereël het.

Dan was daar ook Antoinette se 21st. Met mense van oral oor haar kennisekring, was dit 'n gesellige aandjie. Al die kos en wyn het natuurlik hulle deel tot die feestelikheid bygedra! Namens die jeug wens ons almal wat verjaar het in die maande wat verby is, van harte geluk en mag daar nog vele jare vir julle wees!

Dan was daar die koffiedrink by die Eeftings. Daar is ons vergas op die speletjies wat die teologie studente van Mamelodi en Soshanguve graag speel. Op ons beurt het ons hulle weer aan die raai gehad met ons *tricks*. Dit was nogal 'n heel prettige aandjie.

Nouja, ek het nie gedink so-iets sal ooit gebeur nie, maar ons moet afskeid neem van Jakes vir onbepaalde tyd. Hy verruil die sonnige velde van SA vir die grou Hollandse stede daar ver oorkant die groot waters. Jaco, jy moet maar vir jou so 'n voorraadjie sonstrale inpak vir die lang winter, en maar eers van die brannars vergeet! Ons vertrou dat jy sal oorleef en goed sal doen daar oorkant sonder jou Capie buddies, maar laat ons jou nou vang dat jy van ons vergeet, hey...! Omdat Jaco nou vertrek, het die redaksie sy pos by die Olielamp gevul deur vir Sjirk aan te stel as artikelversorger. Dankie, Jakes, vir al jou harde werk, en Sjirk, sterkte vir jou!

Soos ek, het julle seker opgelet dat ons weer twee bekende gesigte in ons midde het. Karen en Marc het kom verslag bring van hulle tydjie in Holland. Karen en Lieneke het sommer dadelik die pad gevat teen die mooiste kus af, maar hulle is ook alweer terug.

Dan wil ek my laaste lettertjies graag rig aan al my lotgenote. Sterkte in die kwartaal wat voorlê, mense! Maak soos ekke die meeste daarvan, want dit gaan so vrek vinnig verby! Kyk maar so nou en dan by die akademie en tonne werk verby, en geniet die *parties* en die jonkwees met alle krag!

OK, bêre maar weer die boks *tissues*, die tranetrekker boodskap is klaar. Tot 'n volgende keer!

Julle toegewyde, belangstellende
Sleutelgatloerder



Die tyd stap aan. Dit is 'n bekende spreekwoord en indien dit nie al so oud was soos menseheugenis nie, sou 'n mens kon dink dat dit uitgedink is vir die afgelope tyd, of miskien wel hierdie jaar nie. Die jaar is naamlik al in 'n gevorderde stadium en uiteindelik kan ek met baie vreugde meedeel dat hierdie Voetspoor volume bevat, aangesien daar nogal heelwat gebeur het. Voeg daarby dat daar nie vorige maand 'n Voetspoor was nie, en die hoeveelheid gebeurtenisse (en dus bladsye vir die artikel) raak meer as waarvoor die penningmeester van die Olielamp begroot het. Wees egter bly, Penningmeester, die Voetspoor-geheue bevat maar net 'n onderdeel van die hele gebeure.

Erens lank lank gelede, op 'n Sondag, het die jeug van Johannesburg 'n draai hier in ons stad van melk en heuning kom maak. Voordat hulle gekom het, het almal eers gaan kuier by die oupa van die jeug, Antoine (OOM Antoine vir die onder 21's onder julle) en Andreas. Daar is 'n ongelooflike hoeveelheid peanuts en naartjies na binne gewerk deur die skynbaar uitgehongerde jeug, nie beseffende dat hulle daarna by die kerk nog sop en broodjies saam met die Joh'burgers kon eet. Dit was dan seker ook die rede hoekom daar 'n aansienlike klein groepie jongelinge later by die kerk opgedaag het vir die hele Johannesburg-happening. Hulle het wel iets gemis (behalwe hul middagslapie): wie sou ooit kon weet dat daar agter Marius Bijker se image en sonbril 'n ware sportster skuil? Sommer in drie sporte: tafeltennis, sokker en volleyball. Dit was die groot ontdekking van die dag.

'n Verdere ontdekking was dat dit die aand baie koud was. Nadat al die jeug eers by Stolper warm kitskoek geëet het (eet is 'n te beskaafde term), het die meeste of almal Uniegebou toe gegaan om daar enigsins dood te vries. Dit kon egter nie keer dat ons lekker daar verder gekuier het met die Johannesburgers nie.

'n Nuwe soort koors is ook by onder die jeug ontdek. 'n Koors was slegs een maand, elke vier jaar waargeneem word: World Cup Koors. Aangesien hierdie jaar die oranje gloed wat meestal maar op ons wange skyn nie gesien is nie, het die ondersteuning onder die jeug baie varieer. Verskeie effens naïewe ondersteuners het Suid-Afrika en Engeland (terwyl Tanya Italië her en der propageer het) probeer ondersteun, maar al vinnig het geblyk dat groener weivelde gesoek moes word. Of eerder witter, want Duitsland was by menige vroulike ondersteuner die gunsteling. Vrae kan wel opgaan of dit nou was oor hulle effens bekrompe spel, of is dit oor hulle spelers, spesifiek Michael Ballack? Ondersteuners van laasgenoemde moet blykbaar in kontak tree met Marie-Louise, in verband met die oprigting van 'n fanclub of iets dergeliks. Kontaknommer: 0724620944. Verder wil die hele redaksie van die Voetspoor 'n blyk van simpatie gee vir die fanclub, na die verlies in die finale teen Ronaldo en kie, maar soos dit nou maar werk was die uiterlike skoonheid net nie bestand teen sokker-skoonheid nie.

Middel in die gebeure moes ons ook afskeid neem van Bea en Gerrit Brintjies. Hulle het weer terug gegaan na die land van McDonalds,

baseball en The Rocky Mountains. Dit het wel gepaard gegaan met die nodige hartseer, maar ek dink sommer dat ons hulle weer eendag sal sien. As mieliepap lekkerder blyk as McFlurry of so.

Net nadat alle eksamens (ja, heeltemal daarvan vergeet!) deur die gemiddelde jeuglid van ons kerk (behalwe nou Antoine, vir hom was dit nadat sy pensioen ontvang is) afgehandel is, het JV Ligdraers 'n ander groot sportgebeurtenis gereël: Broomball. 10 Spanne moes probeer om met 'n mengsel tussen indoor hokkie en sokker (gespeel met 'n besem) te bewys dat hulle onder die top vier broomballspanne van die heelal (of tenminste Suid-Afrika) behoort. Die aand was 'n aand vol aksie en harde balle, veral omdat Adriaan en Nicolas met hulle kreasie (kan mens dit 'n besem noem?) 'n bal meer na 'n in-die-ruimte-rondswewende projektiel kon laat lyk. Hulle span, die Besembokke, het dan ook in die finale teen Pi-Air, waarin Floris bewys het dat hy met gemak die mees-moanende-met-die-ref speler genoem kan word, gespeel. Die wedstryd het naelskraap met 3-2 in Pi-Air se guns geëindig. Floris was opvallend stil teenoor die ref na die wedstryd...

'n Spontane uitbarsting van die kerk na St Lucia het ook plaasgevind die vakansie. Ongeveer 'n vyfde van die jeug het die Pretoriase winter ontvlug om na St Lucia te gaan. Met die

wanidee dat dit somer is, het die pioniers die vakansie baie geniet en is daar ook 'n aansienlike beachvolleyball-behendingheid opgebou.

Die Kaapse winter was blykbaar nog erger as ons s'n, want twee Kapenaars, Alfred en Chrisjan, het Noordwaarts getrek om hier vakansie te hou. Nou ja, vakansie...Skynbaar is Chrisjan hier om te studeer, maar volgens betroubare inligting is kuier nie 'n studierigting nie, en moet die leser nie te veel waarde heg aan sy praatjies nie. Egter, almal wat dalk êrens in 'n noodgeval kom, hy is nou 'n gediplomeerde mond-op-mond asemhaling toepasser, en hy kan dan dus geraadpleeg word.

Vir die res is daar nie te veel om te sê nie, net dat daar 'n Amazing Race (helaas sonder gratis vliegkaartjies) in die vooruitsig is...Klink interessant: lees dus maar volgende keer meer daaroor!



Tot die volgende keer,
Voetspoor

VAN MEUBELMAKER TOT KONSERVATOR EN RESTOUREERDER...

Tanya de Vente

Hy is die kurator van historiese argief (tydskrifte, koerante, kaarte, posseëls...) van die kultuurhistoriese museum in Pretoria. Hy werk met duisende antieke artikels en oorspronklike groot meester skilderye ter waarde van derduisende rande...Dit is oom Jan Middeljans. Ek het met hom gaan gesels oor sy werk in die museum, sy werk as privaat restoureerder en die veelbesproke mummie...

In 1976 het oom Jan na Suid-Afrika gekom as meubelmaker. Hy het gaan werk by SA Orrelbouers waar hy al die fyn houtwerk van die orrels gedoen het. (Hy het ook baie van ons eie kerkorrel se fyn houtwerk gedoen). Die museum, destyds in Boomstraat, het hom 'n pos aangebied as skrynwerker. Hy het toe (jare

gelede) vir die museum 'n piramide van hout gebou om die mummie in uit te stal by die jaarlikse Pretoria Skou. Die museum het die 2e plek verower vir die beste uitstalling! As skrynwerker vir die museum was een van sy eerste projekte die restourasie van die raadsaal (op Kerkplein) se meubels.

Omtrent 15 jaar terug loop hy 'n ou raak met 'n mooi boek onder sy arm. In 'n gesprek met die man kom oom Jan agter die ou het die boek self gemaak en oom Jan sê: "Ek wil ook!" Die man het hom genooi om te kom klas loop. Vir 3 jaar lank loop hy aandklasse in boeke maak en boekrestourasie. Daarna loop hy nog vier jaar klas by dieselfde ou. Die keer oor skildery restourasie. 'n Baie intensiewe studie, hy moes

onder meer baie tegnieke aanleer en die werke van die groot meesters bestudeer. Vandag restoureer hy nog privaat skilderye, maar hy doen ook nog projekte vir die museum.

Vanweë die afskaffing van poste by die museum was hy tydelik ook aangestel as hoof van menslike oorskot (die pos is intussen weer gevul), vandaar sy deel by die bewaring van die mummie...

“Ek het my rigting in die lewe gevind”

Na vele berigte op televisie en in verskeie koerante in Pretoria oor die mummie, het ons as Redaksie besluit om 'n onderhoud met oom Jan te kom doen oor sy werk en veral sy betrokkenheid met die mummie.

Die veelbesproke mummie is ongeveer van die jaar 150 nC. Hulle skat hy kom van die Fayum vallei wes van die Kairo en die Nyldelta. Die mummie het so goed bewaar gebly omdat hy nie in die Nyldelta self begrawe is nie, maar in die woestyn in die sand en sout. Daar kon hy dus altyd droog bly.

Elke mummie het 'n masker op gehad. Die Farao, of wie ook al het in hul dertigerjare 'n portret laat skilder op baie dun hout. Die portret het dan jare op sy muur gehang tot hy sterf. Daarna het hulle die masker saam met die lyk ingewikkel in die mummie. Die rede daarvoor was: hulle het geglo die gees van die persoon swerf rond en gaan nie weet na watter lyk om terug te keer nie. Die masker het dan gewys na wie toe om “terug te keer”. Volgens navorsing wat deur die IIC(international institute of conservation) is daar maar 700 van die maskers in die wêreld oor.

Maar waar kry die museum die mummie??? Jare gelede is die mummies saam met alle goedere in die graftombes as soeweniers langs die Seuz kanaal verkoop.

Die legende sê 'n Hollandse ingenieur het die mummie as 'n soewenier in Egipte gekoop. Hy het daarmee na Suid-Afrika gekom, maar besef dat hy dit self nie kan hou nie. Hy het toe blykbaar met die mummie onder sy arm in Boomstraat afgestap en dit aan die museum gegee. Van toe af is die mummie in besit van die museum en is al jare op tentoonstelling.



Die masker het gewys dit is 'n man. Maar hulle kon nie seker wees dit is 'n man nie, want die verkopers van die mummies het destyds vir die kopers gevra watter masker wil hulle by watter mummie hê. Vandaar dat hulle besluit het om die mummie te laat skandeer by 'n hospitaal. Die uitslag kon dan ook heel pittig in die Pretoria News gelees word...*scan says mummie is a daddy...!*

Hulle kon 'n hele paar dinge opmerk met die scan. Die dokter het uitgewys dat jy aan kakebeen kan sien dit is 'n jong man. Daar is nog onsekerheid oor sy doodsoorsaak, maar hulle gaan probeer om deur middel van DNA toetse (al is dit 2000 jaar later) die oorsaak te bepaal.

Op die oomblik gaan die mummie self agteruit. Om hom te bewaar kos derduisende rande. Daar is geen temperatuur/vog of gogga beheer waar hy nou in die glaskas lê nie.

Die etiese sy is natuurlik baie belangrik. Dit is en bly menslike oorskot en moet met die nodige respek behandel word.

Oom Jan voel die mummie moet in die helde-akker begrawe word. Dit is immers die enigste staatsamptenaar wat al meer as 100 jaar staatsdiens doen!!!

Die mummie is egter nie die enigste projek waaraan hy op die oomblik werk nie. Oom Jan is ook besig met die restourasie van die Nagwag. Daar word gesê dat die Nagwag een van 8 replikas ter wêreld is. Suid-Afrika het die replika uit Nederland ontvang na die vryheidsoorlog. Nederland het 'n aantal skilderye, waaronder ook Michiel de Ruyter en Jan Steen, saam met die Nagwag van Rembrandt geskenk. Met die oorstroming van die Boomstraat museum in 1990 is die skilderye met was bedek. Die was moet nou verwyder word, die skilderye gerestoureer word sodat hulle weer hul regmatige plek in die museum kan inneem.

Oom Jan beklemtoon hoe belangrik kultuurbewaring is. Dinge moet bewaar word vir ons kinders en kleinkinders. Oor sy werk: “'n Geweldige interessante werk, ek geniet my werk baie. Jy ontmoet interessante mense, sien elke dag iets anders...” Maar natuurlik vereis konservering en restourasie voort-

durende opleiding en jy moet bewus wees van al die nuwe tegnieke. Hulle leer steeds ook nog baie van oorsee.

Na vele jare in die bedryf sê oom Jan met reg: "Ek het my rigting in die lewe gevind..."

In sy ateljee by die huis is 'n gesegde wat die werk van bewaring opsom...

THE UNDERSTANDING OF CONSERVATION REQUIRES THE HEART OF AN ARTIST, THE MIND OF THE SCIENTIST, AND THE SOUL OF A CONNOISSEUR.

As jy belangstel om dit te gaan studeer...

Jy kan dit slegs oorsee (Engeland, België of Amerika) studeer. Jou klaskelde sal 'n minimum van R300 000 'n jaar beloop.

Resensies

A WALK TO REMEMBER

Liza de Vente

Shane West speel 'n tienerseun wat op die verkeerde pad is. Sy bende word een aand gevang en hy word gestraf met gemeenskapsdiens. Hy is glad nie lus vir die werk nie. Maar hy ontmoet die predikant se dogter en stadig maar seker word hy weer op die regte pad gelei. Die predikantsdogter word gespeel deur Mandy Moore. Sy het 'n hele lys

van dinge wat vir haar belangrik is en wat sy graag in haar lewe wil bereik.

Dit is een van die min fliks met 'n Christelike grondslag en wat deur die hele gesin gekyk KAN word. God het 'n doel met elkeen van ons in die lewe en die boodskap kom baie sterk deur in die flik. 9/10

WWW.VGK.ORG.ZA

As jy eendag weer:

- 'n tittel meer voorstudie wil doen as wat jy gewoonweg doen;
- meer inligting oor 'n spesifieke teks of tema soek;
- op soek is na een van ons dominees se telefoonnummers;
- die olielamp "online" wil lees;
- meer inligting aan iemand wil gee omtrent ons kerk;
- of net op die net is en jy weet nie waar om te begin surf nie;

is ons eie kerk se webwerf die perfekte plek om te besoek. Deur net www.vgk.org.za in te tik; kan jy *viola* al die inligting oor ons kerk; ons missie en visie alles in een klik kry. Wat wil jy meer?

Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Preke

Hierdie web-site beskik oor 'n opgedateerde databasis van die preke wat in die Vrye Gereformeerde Kerke gepreek is. Die nuutste toevoegings (in die afgelope twee maande) word hieronder gelys. Daar is ook 'n sleutelwoord soek opsie en 'n meer gevorderde soek opsie waar u volgens predikant, Bybelboek, ens. kan soek.

Tekst: Sondag 1	Predikant: C Kleyn (Pretoria)	Datum: 8/4/02
Tema: Die enigste ware en blywende huwag vind Julia by Jesus Christus.		
Tekst: 1 Samuël 11	Predikant: C Kleyn (Pretoria)	Datum: 8/4/02
Tema: Die stryd tussen Nabal en Saul is 'n stryd tussen die slangsaad en die vrouesaad.		
Tekst: 1 Samuël 10:1-8	Predikant: C Kleyn (Pretoria)	Datum: 7/28/02
Tema: God roep Saul om koning oor sy volk te wees.		

RESENSIE: LEWENS BELANGRIKE VRAE

Cornelis Kleyn

Die jeug van ons gemeente het vir 'n tydjie 'n evangelisasie boekie bespreek by jeug vereniging. Die boekie, *Lewensbelangrike Vrae*, geskryf deur John Blanchard, is 'n boekie wat al baie suksesvol gebruik is vir evangelisasie doeleindes. Hierdie boekie is reeds in meer as twintig tale vertaal, Afrikaans

en Zulu inklusief, en word internasionaal erken as 'n goeie evangelisasie hulpmiddel.

Lewensbelangrike Vrae het 'n baie basiese inhoud. Die boekie vra vrae wat in elke mens se gedagtes opkom. Die boekie vra en antwoord vrae oor God, die sondige self, ons

verlossing deur Jesus Christus en ons lewe uit dankbaarheid. Dit deel nie net met vrae oor ons aardse lewe in die algemeen nie, maar juis dieper vrae kom te sprake soos: Wie is ek? Waarom is ek hier? Waarheen gaan ek? Het die lewe enige sin? Die belangrikste vrae gaan egter oor God: Bestaan God? Hoe is Hy? Kan ek Hom ken? Kan ek Sy Krag in my lewe ondervind? Indien wel, hoe? Die boekie

antwoord hierdie vrae op 'n eenvoudige manier en raak so die fondament van die lewe aan.

Die boekie is baie goedkoop (R5.60) en maklik beskikbaar. Hoekom sou ons dit nie gebruik vir evangelisasie doeleindes nie? Die boekie is ideaal om te gee vir 'n vriend van die universiteit of 'n vriend by die werk. Die boekie is 'n goeie begin punt vir 'n gesprek oor die geloof.

Nog iets

VERTROU OP GOD

Willemien Kleyn


"Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my!"

Matthéüs 14:30

Petrus en die ander dissipels sien vir Jesus oor die water na hulle toe kom. Hy loop op die water. Petrus, impulsief soos altyd, roep vir sy meester om te vra of hy nie ook op die water mag loop nie. Jesus gee hom toestemming. Maar wat gebeur dan? Petrus raak bang; Petrus verloor sy vertroue in sy meester en begin te sink... Ja, ons ken almal die verhaal. Ons het dit as klein kind alreeds gehoor.

Self het ek al 'n soortgelyke ervaring gehad. Nee, ek het nie op die water geloop nie. Maar in my eie werk (maatskaplike werk) het ek al agtergekom wat gebeur as 'n mens jou vertroue op God verloor; as jy nie meer op God

fokus nie. Dit kan so maklik gebeur dat jy dink jy is sterk. Jy sal al die mense wel help. Jy sal hulle uit hul depressie uittrek. Maar die volgende ding wat gebeur is dat jy self depressief raak. Jy begin te sink... Hierdie gedig getuig van die gevoel wat dit veroorsaak. Dit is 'n noodkreet van 'n kind van God wat probeer het om in eie krag vir ander mense te help, maar dit nie regkry nie.




Drowning!

Help me Lord, for I am drowning
- drowning in the sea
Drowning in the deep blue ocean
of human misery.
Help me, Lord, for I am not alone;
there are others too,
And I was on my way
to go to their rescue.
I thought I could be a hero
and brave it all alone
But now that I see the waves and wind
I realise I cannot make it on my own.

The depressing waves are getting larger
and begin to drag us down
Help us Lord, come quickly
for we are about to drown!
Lord, reach out to us
with Your mighty hand.
Come to our rescue,
bring us back to solid land.
Lord, You promised
that You would always be near
So please, Lord, listen,
- our call for help hear.

BROKKIES@EPOS.CO.ZA

From: Concerned_Christi@an.co.za
To: Die_Oliel@mp.org.za
Sent: Friday, July 26, 2002 10:41 PM
Subject: Imagine this happening to you...



One Sunday morning during church service, a 2,000-member congregation was surprised to see two men enter, both covered from head to toe in black and carrying submachine guns.

One of the men shouted, "Anyone willing to take a bullet for Christ remain where you are!"

Immediately, the choir fled, the deacons fled, and most of the congregation fled. Out of the 2,000, there only remained around 20.

The man who had spoken took off his hood, looked at the preacher and said, "Okay Pastor, I got rid of all the hypocrites. Now you may begin your service. Have a nice day!" And the two men turned and walked out.

Funny how simple it is for people to trash God... and then wonder why the world's going to hell!

Funny how we believe what the newspapers say, but question what the Bible says.

Funny how everyone wants to go to heaven provided they do not have to believe, think, say, or do anything the Bible says.

Funny how someone can say, "I believe in God" but still follow Satan (who, by the way, also "believes" in God).

Funny how the lewd, crude, vulgar and obscene pass freely through cyberspace but the public discussion of Jesus is suppressed in the school and work place.

Funny how when you go to forward this message, you will not send it to many on your address list because you're not sure what they believe, or what they will think of you for sending it to them.

Funny how I can be more worried about what other people think of me than what God thinks of me.

VERJAARSDAE

Bethal

Elize Botha 25-Aug
Leclue Nienaber 12-Sep
Eugene du Preez 13-Sep
MC Bergh 20-Sep

Johannesburg

Eunice Boessenkool 27-Sep

Kaapstad

Margreet Moes 6-Aug
Clara van der Vinne 6-Aug
Carina van Alten 6-Aug
Ewart Antonides 10-Aug
Sandra Scheltens 20-Aug

Wietske Douma 26-Aug
Mirjam Raimond 31-Aug
Lieneke Eefting 3-Sep
Christine van der Linden 20-Sep
Chrisjan van Alten 23-Sep
Christine Scheltens 24-Sep

Maranata

Ria de Vries 2-Aug
Reinier Raimond 15-Sep
Mirjam de Vries 16-Sep
Cornelia Kerkhoff 20-Sep
Hester van der Meulen 27-Sep

Pretoria

Christiaan Zielman 1-Aug
Erik-Jan de Wit 2-Aug
Wilma Lubbinge 3-Aug
Hilde Ros 5-Aug
Laurike Bosker 21-Aug
Albert Smit 22-Aug
Anja Kamphuis 22-Aug
Martin Kamphuis 22-Aug
Theo de Vries 29-Aug
Hilda Middeljans 3-Sep
Nonka Bijker 4-Sep
Liza de Vente 4-Sep
Marius de Jager 8-Sep
Sjaak Hagg 12-Sep
Magriet Smit 19-Sep